SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

Beursinligting

Naam en van: Mariska Nel

Universiteit: 20728395

Meesters: | **Doktoraal:** x | **Postdok:**

Studierigting: Afrikaans en Nederlands

Titel van proefskrif of Verhandeling: **Outeurskapidentifikasie en mikroblogs: 'n eksploratiewe forensiese analise in 'n digitale era**

Datum van afhandeling: November 2017 (eksaminering)

Uitslag: Slaag

Gee asseblief 'n kort opsomming (500 woorde) van u studie en ook die uitkomste van u studie wat die Akademie op hul webblad kan plaas.

Ons bevind onsself tans in die tydperk van web 3.0 (semantiese web) en web 4.0 (simbiotiese web). Individue is nou nie net in staat om inhoud met mekaar te deel nie, maar ook om self die inhoud te skep. Die mobiele aard van web 3.0 en 4.0 gee aanleiding daartoe dat sosiale interaksie en kommunikasie verander het. Individue beweeg weg van die meer tradisionele kommunikasiemediums, en vind nuus, inligting, sowel as gespreksgenote aanlyn. Die norm blyk dus nou te wees dat die gebruiker se rol verander het, en dat die rol van hierdie aanlyn profiel as 'n profiel waardeur nuuswaardige gebeure "vinnig" gedeel kan word, beskou moet word. Verder moet kommunikasie nou kort wees, die leser wil in 'n enkele oogopslag weet wat is besig om te gebeur.

Die ontwikkeling van hierdie nuwe tegnologieë verander gevolglik nie net die wyse waarop kommunikasie plaasvind, of die wyse waarop taal gebruik word ten einde die boodskap oor te kan dra nie, maar hierdie nuwe ontwikkelings skep ook die ideale geleentheid vir negatiewe kommunikasie (laster en afknouery – oftewel *trolling)*, sowel as nagemaakte profiele. In die lig van die toenemende hoeveelheid anonieme profiele, moet die vraag gestel word, wie is werklik aan die woord, en kan die outeur van 'n kort elektroniese teks geïdentifiseer word?

In hierdie eksploratiewe forensiese analise in 'n digitale era is daar ondersoek ingestel na die moontlikheid om die outeurs van mikrobloginskrywings (op Twitter) te identifiseer, en terselfdertyd is daar ondersoek ingestel na kenmerke van Afrikaans wat op hierdie sosialemediaplatform aangetref word.

Die metode wat voorgestel is vir die identifisering van die outeur van 'n Afrikaanse mikrobloginskrywing behels beide 'n stilometriese, stilistiese en teksanalise. Daar is dertien aspekte geïdentifiseer wat in die

proses van outeurskapidentifikasie gebruik kan word. Die dertien aspekte sluit in sleutelwaarde-analises, ratio-analises asook die analise van sinne, woorde en karakters per twiet, taalverhoudings, n-gramanalises, leesbaarheidstoetse, algemene kenmerke (Twitter-spesifieke kenmerke – hutswoorde, verwysings na gebruikers en hiperskakels – leestekengebruik en hoofletters), sintaktiese kenmerke, morfologiese kenmerke, semantiese kenmerke, tussenwerpsels, kraswoorde, emotikons en ’n foute-analise.

Beide die stilometriese, stilistiese en teksanalise het getoon dat, ten spyte van die beperkte grootte van die verdagte tekste, daar steeds ooreenstemmende kenmerke tussen outeurs geïdentifiseer kan word. Daar is bevind dat die kleinste hoeveelheid ooreenkomste tussen die derde verdagte teks en die werklike outeur van die teks aangetref word. In die geval kon daar in nege van die 13 aspekte wat geanaliseer is, sonder redelike twyfel aangevoer word wie die werklike outeur van die teks is, ’n bevinding wat as suksesvol beskou kan word.

Daar is verder bevind dat Afrikaans wel, deur die onderskeie gebruikers aangepas word, ten einde aan hul kommunikatiewe doelwitte te voldoen en dat bepaalde eiesoortige taalverskynsels in die Afrikaans op mikroblogs identifiseerbaar is. Ten slotte is hierdie studie se bydrae ’n proses wat gebruik kan word vir die identifisering van outeurs op mikroblogs